PADVEILIGHEID (A)

Graad 1

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Bewus te maak van padtekens vir die voetganger.
2. Doelbewus oplettendheid en weerbaarheid aan te leer.
3. 'n Veilige en verantwoordelike voetganger te maak.
4. 'n Veilige passasier in 'n voertuig te maak.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die beginsel om regs, links en weer regs te kyk ken.
2. Weet waar is die veiligste plek om oor 'n straat te stap:
   a) by ‘n verkeerslig met 'n mannetjie.
   b) by ‘n verkeerslig sonder 'n mannetjie.
   c) by ‘n stopstraat.
   d) by ‘n voetoorgang.
3. Weet waar is dit die veiligste om te stap:
   a) in 'n straat.
   b) verby 'n stilstaande motor.
   c) as 'n bus of voertuig jou aflaai.
4. Weet waar is die veiligste plekke om te speel.
5. Weet dat hy altyd vasgegordel moet wees wanneer hy ‘n passasier in 'n voertuig is.
6. Weet wat is die korrekte gedrag in 'n voertuig
7. 'n Dorp bou met paaie en padkentekens.

C AANBIEDING

1. Vereiste 1 tot 6 moet alles prakties gedoen word en die kind moet aan al die vereistes voldoen.
2. Vereiste 7 Speel met karretjies in die dorp.